

# Kom, Heilige Gees!

**Pinkster 14-24 Mei 2015**

**Oproep tot die hele Liggaam van Christus om vir 10 dae voor God te staan vir herlewning in Suid-Afrika!**

Daar is bykans geen kerkleier wat nie sal erken dat die kerk in die breë geestelik nie op 'n goeie plek is nie en dat ons 'n ingryping van God nodig het in die kerk. In Handeling 1 lees ons hoe die gelowiges vir 10 dae eendragtig saamgebied het. Op die 10de dag het God sy Gees op die kerk uitgestort. Daarna lees ons hoe God dit weer en weer gedoen het. (Handeling 4:31; 8:15-16; 10:44; 11:15). Oor die afgelope 2000 jaar is daar duisende gevalle opgeteken waar soortgelyke belewensse plaasgevind het. Sulke uitstortings van die Heilige Gees het sonder uitsondering gekom in antwoord op gebed.

## Strategie

Daarom wil ons die kerk opnuut oproep om die 10 dae voor Pinkstersondag 2015, 14-24 Mei, opsy te sit vir 'n definitiewe tyd van gebed vir geestelike herlewning in elke plaaslike gemeente in die land.

### Gebedsriglyne vir Pinkster: 14-24 Mei 2015

**Here, sal U dit asseblief weer doen.....**

Twee duisend jaar gelede, op Pinkstersondag, is die Heilige Gees op die kerk uitgestort. Baie keer het die kerk egter weer stagnant geraak en die werk van die Heilige Gees begin weerstaan. God, in Sy genade, het dan Sy Gees weer van nuuts af op die kerk uitgestort. Ons vind bewyse van sommige van hierdie uitstortings van die Gees in Handeling 4:29-31, Handeling 10:44-47 en Handeling 11:15. Martyn Lloyd-Jones, 'n Walliese Protestantse dominee, prediker en mediese dokter en ook baie invloedryk binne die Britse evangeliese beweging in die 20ste Eeu, het gesê dat wanneer ons Handeling 4:29-31, Handeling 10:44-47 en Handeling 11:15, die boek Galasiërs en 'n gedeelte van die Skrif in 1 Korintiërs 12-14 sorgvuldig lees, dit duidelik sal word dat die kerk dikwels 'n buitengewone werk van die Heilige Gees in hulle midde beleef het.

Oor die afgelope eeue het geestelike stagnasie die kerk dikwels kragteloos gelaat sonder die dra van enige geestelike vrug. Weer en weer, duisende kere, is die Heilige Gees opnuut op die kerk uitgestort - met merkwaardige resultate. Laat ons dan vandag, soos vir die 10 dae, bid vir 'n buitengewone werk van die Gees van God in die kerk. Sonder 'n nuwe en kragtige werking van die Gees in die kerk, sal die kerk kragteloos bly en nie die verlossing van ongereddes beleef nie, ook nie sien dat nasies met die evangelie bereik word nie, of dat behoeftiges gehelp word en hoop aan die land en die nasies gebring word nie. Ons het God se goddelike krag nodig om die werk te doen.

**Waar kom die 10 dae van gebed voor Pinkstersondag in die Nederduits Gereformeerde Kerk vandaan?**

In die Paarl het ds. Van der Lingen en sy gemeente na herlewning gesmag. In die begin van 1861 was daar wel hier en daar tekens van die werking van die Heilige Gees in die gemeente. Al hoe meer

mense het die gebedsbyeenkomste begin bywoon. Toe, net voor Pinkstersondag in 1861, het ds. Van der Lingen sy gemeente opgeroep tot tien dae van gebed, net soos die Vroeë Kerk dit gedoen het - in afwagting op die "gawe" wat die Here Jesus beloof het: die uitstorting van die Heilige Gees. Baie mense het hierdie gebedsbyeenkomste bygewoon. Op Pinkstersondag was daar by almal 'n verwagting, hulle het aangevoel dat iets op die punt was om te gebeur. Hulle is nie teleurgestel nie. Tydens die middagdiens, terwyl ds. Van der Lingen gebid het, het die Gees van God op 'n kragtige wyse begin beweeg en 'n merkwaardige herlewing het uitgebreek. In 1867 het die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk besluit om gemeentes aan te moedig om tien dae van gebed voor Pinkstersondag 'n jaarlikse instelling te maak. Hierdie gebruik het tot baie seën en geestelike vrug oor die volgende 150 jaar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gelei.

### **Dag 1 – Donderdag 14 Mei 2015 (Hemelvaartdag)**

**Gesag van die Woord:** Die gesag van die Woord word al meer afgetakel en die Woord word nie meer as die absolute waarheid gesien nie. Die gesag van die Woord word nie meer net so aanvaar nie. Die Woord is meer as 'n stel goeie riglyne en morele beginsels. Die Woord moet herstel word as die 'Woord van God' en die waarheid. Die bevel in die Woord is vandag nog steeds geldig en moet gehoorsaam word as ons 'n oorwinningslewe wil lei. Verder word die Tien Gebooe nie meer as die basiese wette van God vir ons geestelike lewe gesien nie en bepaal daarom nie noodwendig meer ons lewe en optrede nie. Dit is met baie studies bewys dat samelewings wat die 10 geestelike wette van die Tien Gebooe verontagsaam het, hulleself eindelijk vernietig het. Wat die Woord sê moet nie gesien word as 'n duidelike riglyn van dit wat ons kan help nie. Ons moet verstaan dat die Skrif opdragte is, nie voorstelle nie, maar bevel wat uitgevoer moet word. Daarom moet ons bid vir die herstel van die gesag van die Woord en dat kerkleiers en Christene in die algemeen hulle onder die gesag van die Woord sal stel.

Die Liberale Teologie uit die vorige eeu het die gesag van die Woord afgebreek. Dit het mense by die punt gebring waar hulle voel hulle kan nie meer alles wat in die Woord staan glo nie, dat die Skrif vol foute is en dat "God dood is", dat God nie eintlik enige relevansie vir hulle lewens het nie en Sy opdragte nie so letterlik opgeneem moet word nie.

### **Dag 2 – Vrydag 15 Mei 2015**

**Geestelike werk moet op 'n geestelike wyse gedoen word:** Dikwels gebruik gemeentes bv. "swot"-analises of ander soortgelyke metodes om uit te vind wat verkeerd is in die kerk en wat vorentoe gedoen moet word. "Swot"-analises volg nie noodwendig die leiding van die Gees nie, en leer ons ook nie wat die wil van God vir die gemeente is nie. Dit het tot gevolg daar daar heeltemal te dikwels menslike planne en strategieë in gemeentes geïmplimenteer word. Soms word verskillende tipes besigheidsmodelle gebruik om die kerk uit te bou en wag ons glad nie op die Heilige Gees oor wat gedoen moet word nie. Die kerk (gemeentes) moet terugkeer na wag op die Here, die Woord lees en die direkte leiding en openbaring van die Heilige Gees soek.

### **Dag 3 – Saterdag 16 Mei 2015**

**Voorspoedsteologie:** Ons moet bid oor die vernietigende effek van voorspoedsteologie en dat die kerk nie in hierdie strik sal trap nie. In die voorspoedsteologie is die fokus bykans eksklusief op die genesing van siekte, sukses en finansies. Dit word aanvaar dat God dit vir ons wil gee en ons moet dit net aanvaar. In beginsel is daar nie iets hiermee verkeerd nie. Die voorspoed is egter grootliks gerig op die tydelike. Die probleem is dat daar bykans geen fokus is op die redding en wedergeboorte van mense, 'n heilige lewe en die prys van Christenskap is nie. Daar is 'n sterk fokus op die "triomferende kerk", maar geen fokus op die "lydende kerk" en die vervolging van Christene nie. Die Skrif beklemtoon beide. Daar word te min gepraat oor 'n lewe van *geestelike oorvloed* en oorwinning oor sonde (Romeine 5:17), die vernietigende effek van sonde, of die feit dat sonde bely en laat staan moet word,

dat ons ons kruis moet opneem en Christus moet volg of om te sterf aan onself. Daar is bykans geen verwagting of fokus rondom die lewe hierna, die ewige lewe en die wederkoms van Jesus nie. (1 Petrus 1:13). Daar is basies geen sprake van opoffering nie. (1 Johannes 3:16). Daar word bitter min aandag gegee aan die evangelisering van mense of om die onbereiktes met die evangelie te bereik. (Handelinge 13:47). Daar is minimale fokus op ons verantwoordelikheid ten opsigte van die sosiale nood van mense, sosiale ongeregtigheid en die armes. (Matteus 25:39-44). Die realiteit van pyn, siekte, dood en onbeantwoorde gebede word eensydig hanteer en mense word met skuldgevoelens weggestuur as daar nie positiewe uitkoms in enige van hierdie sake is nie. Dit is 'n eensydige verkondiging van die evangelie en immobiliseer die kerk om sy werk in die wêreld te doen. Daar is groot eenstemmigheid dat voorspoedsteologie die grootste gevaar vir die kerk is.

#### **Dag 4 – Sondag 17 Mei 2015**

**Onkunde oor die Skrif:** Daar is grootskaalse onkunde oor die Skrif by 'n toenemende hoeveelheid lidmate: die beloftes, bevels, waarskuwings en kennis oor die groot dade van God in die geskiedenis. Dit maak die kerk en individuele Christene kragteloos, want dit het tot gevolg dat hulle nie Sy wil en bevels ken nie, ook nie Sy beloftes en karakter verstaan nie, en daarom later glad nie meer weet wat God kan en wil doen nie. Bid vir 'n dieper honger na die Woord en dat mense weer die Woord sal begin lees en vir diep insig in die Woord. Daar is min kennis oor die basiese dogmas van die Skrif: die Drie-Eenheid van God, die dood en opstanding van Christus, die verbond, die realiteit van die Bose en Christus se oorwinning oor die Bose, die maagdelike geboorte van Christus, die feit dat God die hemel en die aarde geskep het en dit nie deur 'n proses van evolusie ontstaan het nie, wedergeboorte en bekering noodsaaklik is om die ewige lewe te verkry, verlossing in Jesus alleen gevind kan word en dat daar 'n hemel *en* 'n hel is. Daar is sekere vaste beginsels in die Skrif waarvoor glad nie onderhandel kan word nie. Daar is wel ander dinge waarvoor ons mag verskil, dinge wat nie gesien word as die absoluut ononderhandelbare fondasies van die Skrif nie.

#### **Dag 5 – Maandag 18 Mei 2015**

**Die vrees van die Here:** Die vrees vir God het uit ons lewens verdwyn. Dit is waar dat God ons Vader is en dat ons in 'n intieme verhouding met God kan en moet staan. 'n Plek waar ons deel van die familie van God is én kinders van God. Daar het egter min oorgebly van die feit dat ons Hemelse Vader, ook God is, geen kompromie met sonde maak, onveranderlik heilig en 'n verterende vuur is. Baie het ongelukkig vanaf intimiteit met God na familiariteit met God beweeg. Te veel mense is blazé in hulle verhouding met God. Dit het tot gevolg dat ons nie radikaal gehoorsaam is aan God nie en nie noodwendig gewillig is om Sy opdragte uit te voer nie.

#### **Dag 6 – Dinsdag 19 Mei 2015**

**Die uitvoering van die Groot Opdrag:** Die duidelike opdrag van Jesus self om die evangelie na ongereddes en onbereiktes te neem, word in te veel kerke nie met erns hanteer nie. Letterlik honderde miljoene mense is heeltemal verlore en sonder hoop. (1 Timoteus 1:1). Meer as 1,5 miljard mense het basies nog nooit eers een keer die essensie van die evangelie boodskap gehoor nie. Ons moet bid vir meer gemeentes om aktief daarby betrokke te raak om meer werkers in die oesland uit te stuur. Om die evangelie na die onbereiktes te neem en nie sending se begroting eerste te sny in moeilike ekonomiese tye nie.

#### **Dag 7 – Woensdag 20 Mei 2015**

**Lofprysing en aanbidding:** Wanneer lofprysing en aanbidding oppervlakkig word, is daar baie vleeslikheid in ons aanbidding en daar is nie 'n absolute fokus op God alleen nie. Baie van die liedere wat ons sing, is meesal mensgerig en gaan oor ons eie behoeftes en gevoelens. Min aanbiddingsliedere praat direk met God. Daar is baie min fokus op die prys van die evangelie, die Bloed en die Kruis van Jesus, asook die opdragte van God en totale gehoorsaamheid aan God. Ons

moet bid vir 'n verdieping in aanbidding, asook vir bevryding van elke vleeslike element in aanbidding en lofprysing.

#### **Dag 8 – Donderdag 21 Mei 2015**

**Die krag van die Heilige Gees en die belangrikheid van gebed:** Daar is baie min twyfel daaroor dat die kerk in baie plekke sonder geestelike krag is. Ons sien nie die geestelike krag van die Heilige Gees soos wat ons dit in die kerk in Handeling sien nie. Ons hou konferensies oor hierdie saak en skryf boeke daaroor. Ons probeer allerhande nuwe metodes en beraam planne om ons kerke te laat groei en die kragteloosheid van ons gemeentes te verbloem en oorkom. Wat die kerk nodig het, is die krag van die Heilige Gees – dat die Gees van God in krag in die kerk sal werk. Voordat die kerk nie sy absolute nood aan die krag van die werking van die Heilige Gees gaan verstaan nie, voor die kerk nie weier om langer sonder daardie krag voort te gaan nie, sal die kerk magteloos bly en bykans geen invloed in die wêreld uitoefen nie. Die krag van die Heilige Gees kom alleen in antwoord op gebed en die Heilige Gees lei ons altyd om meer te bid. Biddeloosheid in die kerk is absoluut vernietigend en dit maak die kerk magteloos en kragteloos. Daar is 'n herlewing van gebed in die kerk nodig sodat die kerk bekragtig kan word om sy werk te doen.

#### **Dag 9 – Vrydag 22 Mei 2015**

**Die huwelik:** Die kerk moet die boodskap van die heiligheid van die huwelik verkondig en ook die sonde van egskeding sterker aanspreek. Die kerk moet hom duidelik en direk uitspreek oor die feit dat die huwelik 'n verbond voor God is, en veral 'n permanente verbintenis tussen een man en een vrou. Bid vir die herstel van huwelike in ons samelewing, die handhawing van die heiligheid van die huwelik en dat die kerk nie kompromieë sal maak oor die samestelling van die Bybel se model vir 'n huwelik nie.

#### **Dag 10 – Saterdag 23 Mei 2015**

**Armes en sosiale nood:** Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor die armes en mense in nood. Baie keer word hierdie verantwoordelikheid op die staat afgeskuif. God het aan die kerk die opdrag gegee om die armes te help, die weduwees en wese, mense wat sosiale nood het en mense wat verdruk word, te versorg. Bid dat die kerk en elke gelowige hierdie opdrag sal uitvoer.

#### **Pinkster Sondag: 24 Mei 2015**

**Uitstorting van die Heilige Gees:** Bid vir 'n vars uitstorting van die Heilige Gees soos wat ons dit kry in Handeling 4:31, 8:15-16, 10:44 en 11:15. Deur die geskiedenis van die kerk lees ons van letterlik duisende gevalle waar God weer en weer Sy Gees uitgestort het en die effek wat dit op die kerk en die samelewing gehad het. Sulke uitstortings van die Heilige Gees het altyd en sonder uitsondering gekom in antwoord op gebed. Dit het gewoonlik in situasies gekom waar daar groot geestelike duisternis was en dit gelyk het asof die kerk nooit weer sal herstel nie en die samelewing onherroeplik verval het. In sulke tye het God gekom en die kerk en lande verander op wyses wat menslik ondenkbaar was. Dieselfde God is nog steeds God en Hy wil steeds Sy Heilige Gees gee om die kerk te bekragtig en lande te genees.

***“Twee belangrikste dinge wat die Kerk van Christus die meeste nodig het, is die krag van die Heilige Gees en meer gebed.”***

(Andrew Murray)

***Inisiatief van Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk***